BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 | Maandag 21 Julie 1986 | WINDHOEK | Monday 21 July 1986 | No 5237

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. 143 Afkondiging van Wysigingswet op Karakoelpelse en Wol, 1986 (Wet 15 van 1986), van die Nasionale Vergadering. 1

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICE

No. 143 Promulgation of Karakul Pelts and Wool Amendment Act, 1986 (Act 15 of 1986), of the National Assembly. 1

## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 143 1986

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 15 van 1986: Wysigingswet op Karakoelpelse en Wol, 1986.

## Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 143 1986

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 15 of 1986: Karakul Pelts and Wool Amendment Act, 1986.

**VERDUIDELIKENDE NOTA:**

______ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982, ten einde ander voorsiening te maak met betrekking tot die samestelling van die Karakoelraad van Suidwes-Afrika.**

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 9 Julie 1986)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Wysiging van artikel 4 van Wet 14 van 1982.

**1.** Artikel 4 van die Wet op Karakoelpelse en Wol, 1982, word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Die raad bestaan uit agt deur die **[Ministersraad]** Kabinet aangestelde lede van wie geeneen by aanstelling agt-en-sestig jaar oud of ouer is nie en van wie -

(a) vier produsente van karakoelpelse of wol in die gebied is **[van wie een ook lid van die Raad van die Karakoeltelersgenootskap is]**, deur die **[Ministersraad]** Kabinet gekies uit persone wat op sy versoek genomineer is deur 'n liggaam of organisasie wat na sy oordeel verteenwoordigend van sodanige produsente is;

(b) een ook 'n lid van die Karakoeltelersgenootskap van Suidelike Afrika (Noordelike Streek) is, deur die Kabinet gekies uit persone wat op sy versoek genomineer is deur die genoemde Karakoeltelersgenootskap van Suidelike Afrika (Noordelike Streek);

**KARAKUL PELTS AND WOOL AMENDMENT ACT, 1986** Act No. 15, 1986

**EXPLANATORY NOTE:**

______ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in bold typing in square brackets indicate omissions proposed.

# ACT

**To amend the Karakul Pelts and Wool Act, 1982, so as to make other provision in relation to the constitution of the Karakul Board of South West Africa.**

*(English text signed by the Administrator-General on 9 July 1986)*

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Amendment of section 4 of Act 14 of 1982.

**1.** Section 4 of the Karakul Pelts and Wool Act, 1982, is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The board shall consist of eight members appointed by the **[Council of Ministers]** Cabinet, of whom no one shall be sixty-eight years or older on appointment and of whom -

(a) four shall be producers of karakul pelts or wool in the territory **[of whom one shall also be a member of the Board of the Karakul Breeders Association]**, selected by the **[Council of Ministers]** Cabinet from amongst persons nominated at its request by any body or organization which in **[the]** its opinion **[of such council]** is representative of such producers;

(b) one shall also be a member of the Karakul Breeders Association of Southern Africa (Northern Region), selected by the Cabinet from amongst persons nominated at its request by the said Karakul Breeders Association of Southern Africa (Northern Region);

**[(b)]** (c) een 'n persoon is deur die **[Ministersraad]** Kabinet gekies uit persone wat op sy versoek genomineer is deur 'n liggaam of organisasie wat na sy oordeel verteenwoordigend is van persone wat by die bemarking van karakoelpelse betrokke is;

**[(c)]** (d) een 'n beampte in die diens by die Departement van Landbou en Natuurbewaring en een 'n beampte in diens by die Departement van Ekonomiese Sake is.".

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Karakoelpelse en Wol, 1986.

**[(b)]** (c) one shall be a person selected by the **[Council of Ministers]** Cabinet from amongst persons nominated at its request by any body or oganization which in **[the]** its opinion **[of such council]** is representative of persons engaged in the marketing of karakul pelts;

**[(c)]** (d) one shall be an officer employed in the Department of Agricultre and Nature Conservation and one an officer employed in the Department of Economic Affairs.".

Short title.

**2.** This Act shall be called the Karakul Pelts and Wool Amendment Act, 1986.